11.6 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE NOORDWES – OPTIMALE BENUTTING VAN DIE GKSA SE HULPBRONNE (Artt 196, 296)

11.6 POINT OF DESCRIPTION REGIONAL SYNOD NORTH WEST – OPTIMAL USE OF THE GKSA'S RESOURCES (Arts 196, 296)

A. Beskrywingspunte 11.5 en 11.6 word saam hanteer.
Both Points of description 11.5 and 11.6 is handled together.

B. Ds AJ Burger stel Beskrywingspunt 11.5.
Rev AJ Burger tables Point of description 11.5.

C. Ds HS Coetzee stel Beskrywingspunt 11.6.
Rev HS Coetzee tables Point of description 11.6.

D. **Besluit:** Dat die Beskrywingspunte na ad hoc kommissie 1 verwys word met die opdrag om die Sinode te adviseer of aan die Beskrywingspunte gevolg gegee moet word.
Decision: That the Points of description is referred to ad hoc commission 1 with the mandate to advise the Synod if the Points of descriptions should be carried or not.

E. Dr DJ de Kock rapporteer namens ad hoc kommissie 1.
Dr DJ de Kock reports on behalf of ad hoc commission 1.

F. **BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION**

A. BESKRYWINGSPUNT	**A. POINT OF DISCUSSION**
1. Inleidend Die diens van die kerk en Koninkryk in kerkverband vereis dat kerke geroepe is om mekaar by te staan om diensbaar op ekumeniese en gemeenskaplike vlakke te wees deur getuienisse op kerklike en staatkundige terreine te laat hoor. Dit alles vra ook bydraes en organisasie wat optimaal, binne die vermoë van die kerkverband bestuur moet word. Die GKSA besin reeds vir 'n geruime tyd oor hoe om die beskikbare hulpbronne meer effektief aan te wend, maar die huidige realiteit noodsaak verdere onmiddellike optrede. Hierdie voorlegging bevat 'n samevatting van realiteite en daarna spesifieke aanbevelings.	**1. Introduction** The ministry of the church and Kingdom within the denomination calls on the churches to offer mutual support at ecumenical and communal level through witnessing on the church and political terrain. This requires funds and coordination that are optimally managed within the denomination. The GKSA has already for quite some time been considering how to apply resources more effectively, but the current state of affairs demands immediate action. This proposal outlines the realities and provides specific recommendations.
2. Huidige realiteite 2.1 *Finansiële las* Dit is bekend dat die finansiële las op die individuele gemeentes (en dus die belydende lidmate) dramaties gestyg het oor die afgelope aantal jare. Vanaf 1982 was die styging in die ramings gemiddeld 12,5% per jaar wat die ekonomie groei aansienlik oortref oor so 'n lang periode (oor die laaste 19 Jaar was die gemiddelde groei 11% en vir die huidige jaar alleen 26%). Die gevolg hiervan is dat dit tans neig na ongeveer 20% van sommige gemeen-	**2. Current state of affairs** 2.1 *Financial burden* It is commonly known that the financial burden on individual congregations (by implication confirmed members) has dramatically risen over the past number of years. Since 1982 the average increase in "ramings" have come to 12,5% per annum, exceedingly higher than economic growth over the same period (over the past 19 year the average growth came to 11% and for this year alone 26%) and resulted in it making up approximately 20% of some

tes se jaarlikse begrotings. Weens die glyskaal wissel die druk op sekere gemeentes, want vir Potchefstroom-Die Bult was die raming per lidmaat bykans R800 per lidmaat teen die gemiddeld vir die GKSA van R667 (29% styging bo 2015). Die groot bekommernis is hierdie versnelling in tempo van die stygings. Dit is ook moeilik om presies vir die ramings te begroot. Die aanslag van die Administratiewe Buro kom eers teen Julie elke jaar. Dit is dus moeilik om die stygende tendens presies te voorspel vir gemeentes waarvan die begrotings oor die normale belasting-jaar loop.	congregations' annual budgets. Given the sliding scale, the burden varies between congregations, whereby the "ramings" for Potchefstroom-Die Bult comes to R800 per member as opposed to the average of R667 (29% increase over 2015) for the GKSA. The great concern is the rapid escalation of increases. It is also rather difficult to budget accurately for the "ramings", since the Administrative Bureau only receives the annual assessment in July of each year and is, therefore, unable to correctly predict the trend in increases of congregations whose budgets run over the normal financial year.
2.2 *Getalle* Daar kan ook nie verwag word dat die tendens vanself sal regkom nie. Sedert 2011 het die getalle lidmate in die kerkverband van 101 000 (61 000 belydende lidmate) met 13% (bykans 2% per jaar) na 89 000 (52 000 belydende lidmate) in 2017 afgeneem. Dit beteken dat die finansiële druk dan deurvloei na die onderskeie krimpende gemeentes aangesien die oorhoofse koste van die GKSA nie ooreenkomstig die getalle afneem nie. As hierby in ag geneem word dat die gemiddelde ouderdom van ons gemeentes besig is om te styg, kan verwag word dat die finansiële vermoë van die meeste van ons gemeentes verder aan die kwyn is.	2.2 *Numbers* It could hardly be expected that the trend will right itself. Since 2011 membership in the denomination has declined by 13% (almost 2% per annum) from 101 000 (61 000 confirmed members) to 89 000 (52 000 confirmed members) in 2017. This results in the redistribution of the financial burden to various shrinking congregations, given that a decline in membership does not correspondingly reduce the overhead costs of the GKSA. The financial capacity of most of our congregations is also expected to come under greater strain due to the rise in the average age of our congregations.
2.3 *Ekonomiese realiteite* Die stand van die ekonomiese groei in Suid-Afrika gaan ook vir die afsienbare aantal jare groot druk plaas op dankoffers as ons in gedagte hou dat die ekonomiese groeikoers tans neig na 0% wat gaan inhou dat alle op-brengste in terme van beleggings, salarisse en pensioenfondse onder druk gaan wees vir minstens die af-sienbare toekoms. Gegewe die jaar-likse groei in agterstallige ramings, vergroot dit ook die druk elke jaar op die ander gemeentes. Daar is dus die werklikheid dat kerke groter tekorte in die nabye toekoms gaan ervaar.	2.3 *Economic realities* The 0% economic growth rate toward which South Africa is heading at present will have a tremendous impact on thanks-offerings for the foreseeable future, due to the pressure placed on investment returns, salaries and pension funds. The annual increase in outstanding "ramings" adds to the load the remaining congregations have to bear. Greater shortfalls in the churches will, therefore, become a reality in the near future.
2.4 *Kerklike vergaderings* Wat nog nooit werklik bereken is nie, is die koste van al ons kerklike verga-derings van plaaslike komitees, ad hoc	2.4 *Church assemblies* The cost of church assemblies (including local committees, ad hoc commissions, Church Councils,

	kommissies, Kerkrade, Klassisse, Deputaatskappe, Streeksinodes en Algemene Sinodes. Benewens die koste van sulke byeenkomste kan daar ook ander direkte kostes wees (kerklik en privaat) soos administratiewe koste, private telefoonkoste, verblyf- en vervoerkoste. Daar is tans 30 Sinodale Deputaatskappe, waarby meer as 320 persone (afgesien van sekundi en adviseurs) betrokke is.		Classes, Deputies, Regional Synods and General Synods) has never truly been calculated. Added to the actual cost of these assemblies is the associated (church and private) administrative, telephone, accommodation and transport cost. There are at present 30 Deputy groups, comprising more than 320 individuals (excluding alternates and advisors).
2.5	*Tydsbenutting* 'n Kostefaktor wat buite rekening gelaat word, is dat in elke vergadering daar twee ernstige vrae gevra moet word: Regverdig die betrokke vergadering se samestelling die aanwesigheid van al die lede/afgevaardigdes? Wat is die alternatiewe koste wat so 'n vergadering meebring, bv. die predikant/ouderling/lidmaat wat enersyds nie met sy gewone werk-/bedieningsverpligtinge kan voortgaan nie en waarskynlik ander addisionele kostes meebring soos plaasvervangers tydens afgevaardigdes se afwesigheid. 'n Eenvoudige voorbeeld: As die Algemene Sinode 2 weke lank vergader, beteken dit in wese dat die betrokke predikant se dienste vir daardie tydperk nie in sy gemeente beskikbaar is nie en dat iemand anders moet instaan. Dit geld vir alle vergaderings van die kleinste komitee tot die Sinode waardeur die kerklike bediening moontlik skipbreuk kan lei. Daar is geen twyfel dat werk buite die plaaslike kerk wel steeds verrig moet word, maar dan moet dit binne die balans van effektiewe bestuur en koste-effektiwiteit geskied.	2.5	*Time management* Every assembly raises two fundamental questions in terms of its cost implication: Does the composition of the relevant meeting justify the attendance of all the members/delegates? What are the associated costs of such a meeting, e.g. the time taken from the minister's/elder's/member's usual activities/ministry obligations as well as other possible expenses, e.g. calling on alternates to replace delegates unable to attend. An example would be the 2-week absence of the minister attending a General Synod requiring the appointment of a substitute to address congregational needs over that time period. This pertains to all assemblies, from the smallest of committees to the Synod, and could possibly be of great detriment to church ministry. Work outside of the local church must undoubtedly continue, but then within the confines of effective time and cost management.
2.6	*EVT* Die grootste enkele verantwoordelikheid op gemeentes word deur emeritaatsversorging (EVT) meegebring. Die versorging van emeriti en hulle vroue en gesinne is egter 'n verantwoordelikheid van almal in die kerkverband om vir voldoende bydraes en effektiewe bestuur van fondse te sorg. Waar daar soveel druk op die bydraes is, sal elke klein poging tot meer effektiwiteit help om die druk te verlig. Een so 'n voorbeeld is dat gereelde ledevergaderings wat koste-	2.6	*EVT (retirement care)* The single greatest responsibility of the congregations is that of caring for retired ministers. Caring for these ministers and their families requires all members of the denomination to work towards the provision of sufficient contributions and the efficient management of the funds. Every effort towards greater efficiency aids in lightening the financial load. One example relates to the costs associated with regular member meetings. The attendance of the entire EVT incurs

verhogend is. As al die lede van die EVT hierdie vergaderings bywoon, moet 'n groot getal lede ver reis op eie koste en daarby bring die nuwe reëling van 3 streeksvergaderings weer addisionele reistyd vir die Trustees en meer reëlings deur die Administratiewe Buro mee.	great travelling expenses to a large number of members, while the institution of 3 regional assemblies entails additional travelling for the trustees as well as a greater administrative burden for the Administration Bureau.
2.7 *Gesindheid* Daar bestaan tans 'n mate van negatiewe gesindheid by sommige lidmate teen ramings. Hoewel die Administratiewe Buro heelwat moeite doen om die betekenis daarvan deur te gee, veroorsaak die voortdurende toename van die ramings die negatiewe persepsie omdat besluitnemingsprosesse so lank neem met die implikasie van "onnodige koste" wat op die gemeentevlak die indruk skep dat die direkte uitdra van die Evangelie gekortwiek word.	2.7 *Attitude* There is a degree of resentment over "ramings" among some members. The Administrative Bureau made every effort to cast light on the matter and yet the continued increase in "ramings" has gained a negative perception brought about by lengthy decision-making processes that both incur "unnecessary costs" and hamper the direct proclaiming of the Gospel.
3. Voorstelle vir optimale kerklike vergaderings	**3. Suggestions for effective church assemblies**
3.1 Sittings van die Algemene Sinode moet wesentlik verkort word. Om dit te bewerkstellig sal die prosedure en werkswyse van die Sinode so gou doenlik gerasionaliseer moet word. Dit sal vereis dat die Deputate vir Agenda, Korrespondensie en Programmering van Sinode dringend daaraan aandag gee met die oog op Sinode 2018.	3.1 General Synod sessions need to be significantly shortened, which will only be possible if the procedure and methodology of the Synod is rationalised as soon as possible. This would require immediate action from the Deputies Agenda, Correspondence and Programming in view of Synod 2018.
3.2 Streng dissipline moet by die toepassing van KO, art 30 toegepas word, sodat alleen sake wat nie op mindere vergaderings afgehandel kan word nie, op die Agenda van die Algemene Sinode geplaas word.	3.2 Strict adherence to the perimeters of CO, art 30 is required to ensure that only matters that cannot be resolved at minor assemblies be placed on the Agenda of the General Synod.
3.3 Hardekopie-kommunikasie moet so ver doenlik uitgefaseer word en toenemend vervang word met elektroniese kommunikasie en virtuele vergaderings.	3.3 Hardcopy correspondence need to be phased out as much as possible and systematically replaced by electronic communication and virtual meetings.
3.4 Oor die aantal Sinodale Deputaatskappe, hulle funksies en getal lede moet deeglik herbesin word.	3.4 The number of synodic deputy groups, their functions and membership numbers need to be thoroughly reviewed.
3.5 Die EVT behoort ledevergaderings af te skaf aangesien lede self geen besluitnemingsmagte het nie, behalwe in die benoeming van die Trustees. Laasgenoemde kan elektronies genomineer word en ook so verkies	3.5 The EVT should scrap member meetings, since the only decision-making authority it possesses is that of appointing of the trustees. The latter can be nominated and elected electronically. Only highly qualified

word. Dit is ook nodig dat daar net hoogs gekwalifiseerde persone oor die bestuur van Pensioenfondse as Trustees genomineer moet word.	individuals should be nominated as trustees for the management of the pension funds.
3.6 'n Omvattende koste-voordeel analise is 'n vereiste waar nie net die direkte kostes soos salarisse, vervoer, skryfbehoeftes, ens verreken word nie, maar ook die indirekte kostes soos die tyd wat verlore gaan met bywoning van vergaderings en kostes wat nie verhaal word nie soos lidmate se eie vervoer en administratiewe kostes.	3.6 A comprehensive cost-benefit analysis is required that not only accounts for direct costs (such as salaries, transport, stationery, etc.), but also indirect costs such as time lost through attendance at meetings and irrecoverable expenses members incur for travelling and administrative activities.
3.7 Behoorlike selfondersoek by Streeksinodes, Klassisse en individuele gemeentes (Kerkrade) om bestuurstelsels meer vaartbelyn te kry vir besluitneming en uitvoering van sulke besluite.	3.7 Regional Synods, Classes and individual congregations (Church Councils) need to seriously reflect on how to streamline management systems in terms of decision making and execution.
4. Herbesinning oor samestelling en aanwending van ramings Die huidige stelsel van ramings werk op verskeie fronte teenproduktief in die hoofdoel van ons gemeentes, naamlik om die Evangelie so uit te dra dat ons 'n groeiende kerk van Christus word en nie 'n kwynende een nie. Die volgende behoort gedoen te word:	**4. Reconsideration of composition and application of "ramings"** The established system for "ramings" is counterproductive in various ways to the main objective of the churches, namely to proclaim the Gospel in a way that turns the GKSA into a growing church of Christ and not one in decline. The following actions must be taken:
4.1 *Ontleding van uitgawes* Dit sou nuttig wees om weer alle uitgawes te onderwerp aan 'n zero-basis begroting.	4.1 *Analysis of expenditure* It would be prudent to once again subject all expenditure to a zero-basis budget.
4.2 *Glyskaalformule* Gegewe die struktuurverandering van die samestelling van die lidmate en hulle vermoëns, behoort die huidige glyskaalformule se toepaslikheid deur 'n aktuaris getoets te word.	4.2 *Sliding-scale formula* Given the structural change to the composition of the members and their skills, an actuary should test the applicability of the current sliding-scale formula.
5. Beskrywingspunt Dat die Sinode in die lig van bogenoemde oorsig van realiteite en aanbevelings opnuut ernstig aandag gee aan die benutting van beskikbare hulpbronne in terme van tyd, geld en gawes om die belange van die kerkverband effektief te dien en gemeentes in staat te stel om te fokus op die bediening van die Woord.	**5. Point of description** It is recommended that in light of the above overview of realities and recommendations the application of available resources is once again seriously reviewed in terms of time, funds and gifts to effectively serve the interests of the denomination and enable congregations to focus on ministry of the Word.

G. **RAPPORT VAN AD HOC KOMMISSIE 1 / REPORT OF AD HOC COMMISSION 1**

1. Opdrag	**1. Mandate**
1.1 Om die Sinode te adviseer <u>óf</u> die Sinode en <u>hóé</u> die Sinode gevolg kan	1.1 To advise the Synod <u>if</u> and <u>how</u> the Synod can give effect with regard to

gee ten opsigte van die volgende twee Beskrywingspunte:	the following two Points of description:
1.1.1 Beskrywingspunt van Streeksinode Vrystaat en Kwazulu-Natal rakende die ondersoek na die Agenda en Vergaderingswyse van die Algemene Sinode (11.5).	1.1.1 Point of Description of Regional Synod Free State and KwaZulu Natal with regard to the inquiry to the Agenda and Meeting methodology of the General Synod (11.5).
1.1.2 Beskrywingspunt van Streeksinode Noordwes – Optimale benutting van die GKSA se hulpbronne (11.6).	1.1.2 Point of Description of Regional Synod North West – optimal use of the GKSA's resources (11.6).
Besluit: Punte 1.1 tot 1.1.2 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.1.2 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 Verskeie afgevaardigdes het met die Kommissie die saak kom bespreek.	2.1 Several delegates discussed the matter with the Commission.
2.2 Albei Beskrywingspunte is deurgegaan en is gesamentlik deur die Kommissie gehanteer.	2.2 Both of the Points of description was reviewed and was handled jointly by the Commission.
2.3 Neem kennis van die inhoud van beide Beskrywingspunte.	2.3 Take note of the content of both Points of description.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.3 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decide on**
3.1 *Beskrywingspunt 11.5* Dat daar nie aan pt 3 van die Beskrywingspunt, soos dit daar staan, gevolg gegee word nie, maar dat die saak direk na afloop van die huidige Sinode alreeds hanteer kan word. Motivering As gevolg van die finansiële las en tydsduur van die Sinode is die saak spoedeisend. Indien die huidige Sinode Deputate sou aanwys wat eers op Sinode 2021 rapporteer, sou hulle aanbevelings eers daarna geïmplementeer kan word.	3.1 *Point of description 11.5* That no effect is given to pt 3 of the Point of description as it stands, but that the matter is handled directly after the current Synod. Motivation The matter is urgent because of the financial burden and duration of the Synod. If the current Synod appointed Deputies to report on the Synod of 2021, their recommendations would only be implented after that.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.2 *Beskrywingspunt 11.6* Ten opsigte van Beskrywingspunt 11.6 word aanbeveel dat die Sinode kennis neem van pte 1–4. Ten opsigte van pt 5 beveel die Kommissie aan dat gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt. Motivering Dit is uit die beredenering in die Beskrywingspunt duidelik dat die kerk se hulpbronne op 'n beter en meer verantwoordelike wyse bestuur kan word. Die huidige sinodale funksionering is baie duur en die Sinode se	3.2 *Point of description 11.6* With regard to Point of description 11.6 it is recommended that the Synod take note of pts 1-4. With regard to pt 5 the Commission recommends dat effect is given to the Point of description. Motivation From the argumentation in the Point of description, it is clear that the resources of the church can be managed in a more responsible manner. The current synodal functioning is very expensive and the

tydskedule maak dit baie moeilik vir jonger, ondernemende ouderlinge (onder andere onderwysers en sakemanne) om na die Sinode afgevaardig te kan word.	Synod's schedule makes it very difficult for younger, enterprising elders (inter alia teachers and businessmen) to be delegated to the Synod.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3 *Aanbevelings ten opsigte van die manier waarop die Sinode aan die Beskrywingspunte gevolg kan gee*	3.3 *Recommendations with regard to the way the Synod can give effect to Points of description.*
3.3.1 Dat Deputate, met reg op koöptering, aangewys word om die sake in die twee ter saaklike beskrywingspunte verder te ondersoek en te begin om dit in konsultasie met die Deputate Algemene Sinode waar moontlik te implementeer. Dit kan selfs na ander meerdere vergaderings deurgegee word om te implementeer.	3.3.1 That Deputies, with the right to co-opting, be appointed to further investigate the matters in the two relevant points of description, and to implement it in consultation with the Deputies General Synod where possible. It can even be given to other greater assemblies for implementation.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.2 Dat die Deputate in konsultasie met die Deputate Algemene Sinode, die volgende Algemene Sinode sal reël wat in twee verskillende fases kan plaasvind nl 'n telematiese fase sowel as 'n verkorte fisiese sitting. Ten opsigte van die telematiese fase van die vergadering kan daar bv van Docenda se fasiliteite gebruik gemaak word.	3.3.2 That the Deputies, in consultation with the Deputies General Synod, will arrange the next General Synod to be held in two different phases namely: a telematic phase as well as a shortened physical meeting. With regards to the telematic phase of the meeting, an example could be to make use of the facilities of Docenda.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.3 Daar word aanbeveel dat die Deputate se opdrag ook 'n bepaalde afhandelingsbevoegdheid sal insluit om al die belangrike aspekte soos die tyd, plek, frekwensie, die agenda en die finansiële aspekte asook die verskillende Streeksinodes se unieke omstandighede in berekening gebring sal kan word.	3.3.3 It is recommended that the Deputies' mandate also include a form of executive power for al the important aspects like the time, place, frequency, the agenda and the financial aspects as well as the unique circumstances of the different regional Synods to be considered.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.4 Die uitdagings wat albei die bogenoemde Beskrywingspunte uitgewys het, moet dan deur die Deputate op 'n verantwoordelike wyse aangespreek en so gou as moontlik geïmplementeer word.	3.3.4 The challenges pointed out by both these Points of description, must be adressed by the Deputies in a responsible manner and be implemented as soon as possible.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.5 Die Deputate moet deeglik onderskei tussen dit wat dadelik geïmplementeer kan word en wat eers tydens die eersvolgende Sinode in sitting gehanteer kan word.	3.3.5 The Deputies must thoroughly distinguish between what can be implemented immediately and what can only be handled when the next Synod meets.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.6 Die aangewese Deputate kan by binne en buitelandse kerke, met wie	3.3.6 The appointed Deputies may seek advise from domestic churches and

ons in korrespondensie staan, gaan kers opsteek.	abroad with whom we are in correspondence.
Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).	**Decision: Approved (amendment already added – Deputies Acta).**
3.3.7 Daar word ook aanbeveel dat 'n onafhanklike fasiliteerder deur die Deputate verkry sal word om die denkproses en die gesprek te fasiliteer. Dit moet gedoen word in die lig van ter saaklike kerkregtelike aspekte ('n borgskap om dit te betaal kan hiervoor gesoek word).	3.3.7 It is also recommended that the thought process of the Deputies be facilitated by an independent facilitator. It must be done in light of relevant Church Orderly aspects (sponsorship to pay for this may be sought).
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.8 Die aangewese Deputate bepaal dan wat in die toekoms telematies hanteer kan word en wat op die verkorte fisiese sitting hanteer moet word. Die frekwensies van die vergaderings moet aangepas word. Dalk meer gereeld, maar baie korter. Net sake wat regtig noodsaaklik is, moet uiteindelik op die fisiese byeenkoms van die Algemene Sinode hanteer word. Op grond van KO, art 30 asook ander toepaslike artikels in die Kerkorde, kan die las op die Agenda van 'n Algemene Sinode heelwat verlig word.	3.3.8 The appointed Deputies determines what can be handled telematically in the future and what can be handled in the shorter physical sitting. The frequency of the meetings must be adapted. Maybe more often, but significantly shorter. Only matters of real importance, must by dealt with by a physical meeting of the General Synod. On the basis of CO, art 30 as well as other relevant articles in the Church Order, the burden on the Agenda of the General Synod may be significantly smaller.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.9 Alle Deputate van meerdere vergaderings kan intussen versoek word om hulle werk op 'n telematiese wyse te doen. Dit sal nou reeds duisende Rande bespaar.	3.3.9 All the Deputies of greater meetings must be requested to do their work telematically in the meantime. This can already save thousands of Rands.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3.10 Dat, indien moontlik Deputate slegs een maal in die termyn van drie jaar 'n "gesig tot gesig"-vergadering sal hou. Die ander vergaderings moet elektronies gedoen word. Indien dit noodsaaklik is vir Deputate om meer as een "gesig tot gesig"-vergadering te hou, die Deputate dit in samewerking met die . Bestuur van die Administratiewe Buro sal besluit. Dat die Administratiewe Buro iemand uit die personeel sal aanwys wat verantwoordelik is om Deputate leiding te gee om die elektroniese vergaderings op die mees effektiewe en koste-effektiewe wyse te hou.	3.3.10 That if possible Deputies limit themselves to one face-to-face meeting in a 3-year term. The other meetings must be held electronically. If it is necessary for the Deputies to have more than one face-to-face meeting, the Deputies decide on it in cooperation with the Management of the Administrative Bureau. That the Administrative Bureau will appoint someone from the personnel who will be responsible for providing guidance to the Deputies on how to most effectively make use of electronic meetings in the most cost-effective way.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.4 *Prinsipiële uitgangspunte wat deur die betrokke Deputate in ag geneem behoort te word*	3.4 *Fundamental points of departure to be considered by the relevant Deputies*

3.4.1 Die Deputate moet aanpassings maak op die basis van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel soos geïnkorporeer in ons Kerkorde. Dit moet op so ‘n wyse geskied dat sowel die selfstandigheid van die plaaslike kerk as die Gereformeerde ampsbegrip en ook die gesag van meerdere vergaderings nie in gedrang kom nie.	3.4.1 The Deputies must make changes on the basis of the Presbyterial Church Governance System as incorporated in our Church Order. It must be done in such a way that the independence of the local church as well as the authority of greater meetings not be jeopardized.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
3.4.2 Die Deputate moet waak teen sowel Kollegialisme as Independentisme (maw daar mag geen gedagte ontstaan dat enkele persone alles beheer nie).	3.4.2 The Deputies must guard against both Collegialism and Indepentdentism (in other words, it must never look as if individuals control everything).
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**